



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRADE 12

SEPTEMBER 2015

**DRAMATIESE KUNSTE
MEMORANDUM**

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 40 bladsye.

ALGEMENE NOTAS VIR NASIENERS

1. Kandidaat moet na Dramatiese Kunste teorieë en konteks in die toneelstuk verwys. Volpunte kan nie toegeken word tensy die kandidaat 'n bewys van die teorie van die vraag toon nie. Die antwoorde moet dissipline spesifiek wees. Gebruik die Wat, Hoekom en Hoe met spesifieke verwysing na voorbeelde in die teks.
2. Maak duidelike merkies om die leerpunt wat geassesseer word, aan te dui. Nasieners behoort aktief om te gaan met die antwoord.
3. Gereelde konsultasie-rondtes is nodig om te verseker dat die nasienproses gestandaardiseer is.
4. In die geval waar 'n kandidaat meer as die voorgestelde getal woorde skryf – moenie penaliseer nie (opstelvraag)
5. Die memo bestaan uit voorgestelde antwoorde. Nasieners moet dit aanmerking neem en oop wees vir kandidate se antwoorde en seker maak dat verskillende onderrigstyle nie die leerder benadeel nie.
6. Spandeer die eerste dag aan die ontleding van die kwaliteit en kwantiteit van die bewyse in die memo en aan standaardisering en om gemeenskaplike definisies en konsepte te vind.
7. Nasieners moet Breë Onderwerpe en Onderwerpe in verband bring met die vrae.
8. Die voorgestelde antwoorde is dikwels bo die vlak wat meeste van die kandidate in graad 12 kan behartig en behoort gesien te word as 'n leerervaring vir die nasieners.

AFDELING A: 20^{STE}-EEUSE TEATERBEWEGINGS**VRAAG 1**

Die kandidaat moet die vraag beantwoord in die vorm van 'n opstel en die drama wat hy/sy bestudeer het as 'n voorbeeld gebruik; Teater van die Absurde, Epieseteater OF Postmoderne teater.

Die kandidaat moet enige DRIE van die sub-onderwerpe wat voorgestel is in die vraag kies.

Die opstel moet nagesien word met die gebruik van die rubriek en die notas wat hieronder verskaf is. Neem die kandidaat se benadering tot die onderwerp in ag. Gemotiveerde, oorspronklike antwoorde wat insig toon moet krediet ontvang.

PUNT		BESKRYWER
Uitstekend	27-30	Die kandidaat het 'n duidelike begrip van die aanhaling en kan die toneeltekse en die teaterbeweging wat hy/sy bestudeer het, met die aanhaling in verband bring. Die kandidaat kan 'n argument konstrueer wat die waarheid van die aanhaling ondersteun en konkrete, spesifieke voorbeelde uit die beweging en toneeltekse gebruik. Die kandidaat bespreek 'n minimum van drie van die kolpunte en 'n maksimum van vyf en kies geskikte punte uit die lys wat verband hou met die toneeltekse en beweging wat hy/sy bestudeer het. Hy/Sy fokus op die verskillende doeleindes van teater en bespreek duidelik hoe die toneeltekse wat bestudeer is, 'n voorbeeld van 'n sekere oortuiging is.
Baie Goed	24-26	Die kandidaat verstaan die aanhaling en kan die toneeltekse en teaterbeweging wat hy/sy bestudeer het, met die aanhaling in verband bring. Die kandidaat kan 'n argument konstrueer wat die waarheid van die aanhaling ondersteun en voorbeelde uit die beweging en toneeltekse gebruik. Die kandidaat bespreek 'n minimum van drie van die kolpunte en kies 'n paar gepaste punte uit die lys wat met die toneeltekse en beweging wat hy/sy bestudeer het, verband hou. Hy/Sy bespreek hoe die toneeltekse wat bestudeer is, 'n voorbeeld van 'n sekere dramaturg se motivering en teaterbeweging is.
Goed	21-23	Die kandidaat verwys na die aanhaling en kan die toneeltekse en teaterbeweging wat hy/sy bestudeer het, met die aanhaling in verband bring. Die kandidaat probeer om die waarheid van die aanhaling te ondersteun en gebruik voorbeelde uit die beweging en toneeltekse. Die kandidaat bespreek 'n minimum van drie van die kolpunte en kies 'n paar gepaste punte uit die lys wat met die toneeltekse en die beweging wat hy/sy bestudeer het, verband hou. Hy/Sy oorweeg hoe die toneeltekse wat bestudeer is, 'n voorbeeld van 'n sekere dramaturg se motivering en teaterbeweging is.
Bevredigend	18-20	Die kandidaat kan direk na die aanhaling verwys, maar sal meer waarskynlik 'n verbinding aflei as om dit direk te noem. Hy/Sy bespreek die toneeltekse en teaterbeweging. Die kandidaat probeer om die beweging en toneeltekse in verband te bring. Die kandidaat bespreek 'n paar van die kolpunte en kies 'n paar punte uit die lys wat die toneeltekse en beweging wat hy/sy bestudeer het, verbind. Hy/Sy kan meer punte uit die lys dek, maar op 'n oppervlakkige manier.
Gemiddeld	15-17	Die kandidaat is geneig om 'n verbinding met die aanhaling af te lei eerder as om dit direk te noem. Hy/Sy verduidelik die toneeltekse en teaterbeweging. Die kandidaat slaag daarin om 'n paar voorbeeld(e) van dramatiese teoretici/praktisyns, toneelstukke of tekste te gee, maar is dikwels nie in staat om dit met die aanhaling in verband te bring nie. Hy/Sy gee 'n paar basiese beskrywings van punte, maar het nie die vermoë om die teaterbeweging, toneeltekse en aanhaling samehangend met mekaar in verband te bring nie. In die algemeen word breë stellings oor drie of meer van die punte gemaak.
Elementary	11-14	The candidate is likely to ignore the quotation and connects by chance rather than design. He/she describes the play text and theatrical movement. The candidate manages to give some example(s) of dramatic theorists/practitioners, plays or texts, but rarely is able to relate this to the quotation. The candidate gives some descriptions of bulleted points but lacks ability to connect the theatre movement, play text and quotation cohesively. Generally makes statements that relate to three or more of the bullets and is often plot focused in his/her answer.
Weak	0-10	The candidate is likely to ignore the quotation and connects by chance rather than design. The candidate gives some descriptions of bulleted points but lacks the ability to connect the theatre movement, play text and quotation. Generally makes general statements that relate to some of the bullets.

Kandidate mag op verskillende wyses reageer om hulle begrip in die opstel weer te gee. Nieteenstaande, fokus op die kandidaat se kennis van die teks en die spesifieke -isme wat bestudeer is. Hieronder is feite wat aansluit by die verskillende -ismes waarvan die kandidaat sommige feite vir sy opstel kan uithaal.

EPIESE TEATER:

Die kandidaat behoort al die onderdele van die nuwe soort drama af te breek en al die elemente, in elke moontlike aspek, wat op 'n spesifieke wyse aangewend word te bespreek.

Eerstens, die gehoor moet “ontspanne” wees en daar is 'n paar metodes om dit te bereik. Die belangrikste metode is om die gehoor **bewus** te maak dat hulle in 'n teater sit en na 'n opvoering kyk. Brecht wou nie die gehoor verlei om te glo dat hulle na die “werklikheid/of snit uit die lewe” kyk nie. Hy het dit bereik deur die **verhoog inkleding (dekor)** minimalisties te hou, die beligtingsapparaat was sigbaar vir die gehoor en om in die algemeen nie die feit dat dit 'n opvoering is, weg te steek nie.

Die **plot** is gewoonlik in 'n historiese tyd geplaas en handel oor “bekende gebeure”, wat dui op die universele aard van die tema. Volgens Brecht se tegnieke, “*hulle Epiese uitbreiding deur die spelstyl, plakate en opskrifte het ten doel om die gehoor van die sensasionele vry te stel*”. Die hoofkarakter is nie 'n “**tragiese held**” nie, maar 'n “**ontragiese held**”, wat die rede is waarom, “*Brecht se drama die Aristoteliaanse katarsis, die suiwering van emosies wat bewerkstellig word deur die ontstellende noodlot van die held, vermy.*” 'n Ander eienskap is die onderbrekings gedurende die toneel, want “*onderbrekings is een van die fundamentele konvensies vir alle struktuurskepping*”. As gevolg van die onderbrekings het die akteurs 'n verskeidenheid gebare (**gestus**) gebruik om hulself bekend te stel. Een van die belangrikste kenmerke van “Epiese teater” is die feit dat dit 'n didaktiese aanbieding, “*didactic play*” is. Soos voorheen aangedui, Brecht wou hê dat die gehoor moes kennis dra van die **sosio-politieke** omstandighede wat in die opvoering se **plot** plaasvind. Terselfdertyd wou hy die “**sosiale drama vry hou van die effekte, wat empatie veroorsaak, en die norme waaraan die gehoor gewoond is**” deur die opvoering 'n **instruktiewe** toon te gee. Gevolglik, die sukses van die opvoering het baie afgehang van die akteur, wie se taak dit was om in die, “Epiese teater”, sy ontspanne aard te demonstreer. 'n Akteur in, “Epiese teater” moet nie die rol speel asof hy in karakter is nie, maar liewers nie-naturalisties, “'n akteur beskik oor die moontlikheid om kunsmatig uit karakter te gaan” sodat die akteur krities kan wees oor sy rol en om selfs van tyd tot tyd direk met die gehoor te kommunikeer.

Eienskappe van die epiese teater sluit in:

- Toneelstukke is meestal polities en didakties van aard.
- Brecht se toneelstukke word beïnvloed deur ander dramaturge soos die Antieke Grieke en die Elizabethane.
- Hierdie toneelstukke is vertalings van die “Noh Teater van Japan” in onemosionele prosa.
- Hy gebruik satire deur vers en liedere te kombineer.
- Toneelstukke wat geskryf is vir sosiale aksie “Teater vir Sosiale Verandering”
- Brecht se toneelstukke het ’n ingeboude passie om verandering te kan bring – teater is ’n ruimte waarin jy jou houdings en menings, wat tot die begin van verandering van idees, denke en optrede lei, kan uitdruk.
- Hy wou hê dat sy gehoor die teater moet verlaat met ’n nuwe vorm van bewustheid om probleme in die toneelstuk te oorweeg en dit toe te pas om die probleme in realiteit aan te spreek.
- Hy glo dat emosie altyd die rede oorskadu wanneer jy na ’n sentimentele toneelstuk kyk.
- Die toneelstuk word ’n montage met ’n reeks van onafhanklike insidente wat die doel het om die gehoor te skok sodat daar nuwe begrip en erkenning kan plaasvind.
- Daar is altyd ’n verteller/storieverteller wat die gehoor direk aanspreek – wat dus die vierde muur van die realistiese teater afbreek.
- ’n Hele geskiedkundige gebeurtenis kan in een sin vevat word.
- Die gehoor moet altyd krities bly.
- Elke toneel kry ’n subtitel wat verwyder en vervang word deur ’n nuwe titel as die toneel verwissel.
- Hy verwerp liniêre dramatiese struktuur van die “well-made play” – met die kontinuiteit van een toneel na die volgende en die opbou van spanning na ’n hoogtepunt.
- Tonele is verbind deur tematiese drade eerder as deur die struktuur en die ontwikkeling van die intrige soos in die realistiese teater.
- Teater as ’n skouspel, met ’n onderwerp en gehoor deelname of betrokkenheid.
- Toneelstukke word geskryf in ’n styl wat kommentaar lewer op die samelewing vir die doel van sosiale verandering.
- Die dramaturg is die regisseur en die maker, net soos met enige ander produk.
- Vernietig teatrale illusie.
- Musiek staan in teenstelling met die teks of kommentaar deur akteurs.
- Die gehoor moet in die aanbieding betrek word vir waarneming, om te dink, kritiese afstand te bereik ten **einde** sosiale optrede te beïnvloed of te ontketen.
- Epiese Teater is meer gebaseer op die rede as op die gehoor se emosies.
- Brecht het die “Verfremdungseffekt” (vervreemdingseffek) of die “Alienation-effect” ontwikkel.

Ander tegnieke wat in die Epiese Teater toneelstukke gevind kan word sluit in:

- Tekens, **plakkate** of projeksies wat ons vertel wat gaan gebeur voor elke toneel, wat die illusie omverwerp gee vir ons 'n konteks of 'n boodskap waarop die gehoor sy waarnemings kan baseer.
- Maskers en poppespel
- Sigbare verhoog masjinerie (wys die tegnologie van die teater)
- Die toneelstuk as die “parable play” of wat ook bekend staan as ‘Lehrsück’.
- Gebruik musiek om die aksies te onderbreek en om daarop kommentaar te lewer.
- Toneelspel in die derde persoon.
- Die beskrywing van akteurs se beweging en handgebare buite die geskrewe dialoog.
- Die ontdekking van die ‘gest’ van die karakter. ‘Gest’ verwys na beide die handgebare en die gis.

Kandidate kan enige van die bogenoemde noem en in verband bring met die toneelstuk wat hulle bestudeer het. Nasieners moet noukeurig let op die kandidaat se antwoord ten opsigte van haar/sy kennis van die Epiese teater: die oogmerke; die strukturele doelwitte, die verhouding/verband tussen teks, optrede en gehoor as 'n didaktiese platform waar die gehoor die geleentheid gebied word om beide sosiale en politieke kwessies te kritiseer vir die doel van aksie en sosiale transformasie. Nasieners moet ook uit die antwoord kan aflei of die kandidaat die vermoë het om kennis toe te pas op die drama wat hulle studeer het.

Kandidate behoort aspekte van plot, struktuur, karakters, taal en temas, soos dit in die Epiese konvensies gebruik word, te identifiseer. Die teoretiese kennis moet toegepas word op die teksontleding en die onderskeiding van die -ismes of style soos in die uittreksel gesuggereer is.

Let daarop dat sekere kandidate uitgebreide kennis sal toon in hulle toepassing en oor die vermoë beskik om 'n goed gestruktureerde antwoord te gee wat verteenwoordigend is van die totale uitkomst van die Epiese teater.

TEATER VAN DIE ABSURDE

Kandidate moet begrip en insig toon van hoe, “Teater van die absurde” 'n ander styl is soos voorgestel is in die uittreksel, deur die verskillende elemente van onsinnigheid in die studieteks. Die nasieners moet die kandidate se persoonlike reaksies in ag neem deur onder andere te verwys na die voorgestelde antwoorde wat hieronder ingesluit is. Die kandidate moet ten minste die volgende feite bespreek in hul opstel:

“Teater van die absurde”, is meestal opgemaak deur 'n breë komiese aanslag wat gemeng is met skokkende of tragiese beelde; die karakters wat vasgevang is in hopelose situasies en geforseer is om herhalende of doellose handeling uit te voer; 'n dialoog vol clichés, woordspeling en onsinnighede; intriges wat sinies of onsinnig uitgedruk word; die parodie of ontgaan maak van realisme en die konsep van 'n “well made play”.

“Absurde”, in “Teater van die absurde”, kan na die volgende verwys:

- Doelloos
- onlogies
- Nie harmonieus nie
- Nutteloos
- Hopeloos
- Chaoties
- Sonder enige orde
- Onduidelik

PLOT (INTRIGIE) EN STRUKTUUR

- Tradisionele plot strukture word selde in oorweging gebring in die “Teater van die absurde”. Die intriges kan bestaan uit die onsinnige herhaling van clichés en roetine soos in *Godot* of *Die Kaalkop Primadonna*.
- Daar is telkens ’n dreigende mag van buite wat onbekend bly.
- Afwesigheid, leegheid en onbeantwoorde geheime, is sentrale eienskappe in baie “Absurde” intriges.
- Absurde teater maak min gebruik van verhoogrekwisiete en wat wel op die verhoog is, is gewoonlik dit wat dien as weerspieëling van dit wat in die karakter se denke omgaan.
- Die handeling is telkens siklies (herhalend) of eindig presies waar dit begin het.
- Kortliks:
 - Onrealisties
 - Gaan telkens teen die norme in van konvensionele teater – word deur kritici as anti-teater “anti-theatre” bestempel.
 - Dit word telkens gekarakteriseer deur ’n beplande afwesigheid van die doel en effek verhouding tussen tonele.
 - Nie-lineêre plot ontwikkeling, soms sinies.
 - Eindig waar hulle begin.
 - Soms lyk dit asof daar glad nie ’n plot is nie.
 - Beplande ontbreking/weglating van konflik.

TAAL

- Een van die belangrikste eienskappe van die absurde drama is die wantroue in taal as 'n vorm van kommunikasie.
- Ten spyte van die reputasie vir onsinnige taal, is meeste van die dialoog in Absurde opvoerings naturalisties.
- Die oomblikke wanneer karakters gebruik maak van onsinnige taal of clichés – wanneer dit blyk asof woorde hulle denotatiewe betekenis verloor het, en gevolglik misverstande tussen die karakters veroorsaak – is kenmerkend aan die teater van die absurde.
- Telkens verkry taal 'n soort fonetiese, ritmiese, bykans musikale kwaliteit, waardeur telkens 'n wye reeks van komiese speelsheid ontketen word.
- Baie van die dialoog in die absurde drama (veral in die dramas van Beckett en Albee, as voorbeeld) weerspieël hierdie soort van vaagheid en onvermoë om enige aansluiting te vestig.
- Dit blyk dat taal niks anders as die draer van stereotipe, betekenislose sêgoed is nie.
- Teater van die absurde dui aan dat woorde nie verder as die oppervlak kan gaan nie; hulle kan nie uitdrukking gee aan die betekenis van die menslike bestaan nie

Kortliks:

- Taal het sy waarde as kommunikasie instrument verloor (onbetroubaar en gewantrou)
- Telkens onlogies
- Soms telegrafies en afgekap
- Lang pouses – clichés – herhalend
- Ritmies
- Maak baie gebruik van stiltes
- Monotoon
- Stadige dialoog wat gepaard gaan met oordrewe oorhaastige monoloë (uiterstes)

KARAKTERS

- Die karakters van die teater van die absurde is verlore en dryf rond in 'n onbegryplike heelal en hulle laat vaar rasonale middele en diskursiewe gedagtes, omdat hierdie benaderings ontoereikend is. Baie karakters verskyn as outomate wat vasgevang is in roetines en kommunikeer slegs in clichés. Karakters is telkens stereotipes, argetipes, of ongeronde (plat) karaktertipe.

TEMAS

- Waar die tradisionele teater poog om 'n fotografiese verteenwoordiging van die lewe soos ons dit sien te skep, is die teater van die absurde ingestel op die skep van ritualistiese, mitologiese, argetipiese, allegoriese visie, wat nou aan die wêreld van drome verwant is.
- Die fokuspunt van hierdie drome is telkens die mens se grondliggende verwildering en verwarring, wat voortspruit uit die feit dat hy geen antwoorde op die basiese eksistensiële vrae het nie: waarom leef ons?, waarom moet ons sterf?, waarom is daar onregverdigheid en swaarkry?, ens.
- Die fokus val op die mens, vasgevang in 'n onverstaanbare wêreld onderworpe aan enige gebeure wat mag voorkom, ongeag hoe onlogies dit is.

Die bogenoemde riglyne behoort deel te vorm van die kandidaat se antwoord soos deur die vraag verwag word. Nasieners moet egter oorweging skenk aan die wyse waarop die kandidaat sy begrip van die onderskeie kenmerke (soos dit in die teorie vervat is) en die aanwending van die teks wat bestudeer is as voorbeeld van so 'n "isme"

POSTMODERNE TEATEE

- Postmoderne teater dien 'n primêre doel om 'n aantal vooropgestelde idees rakende moderne teater af te breek, soos "Die waarheid kan nie bevraagteken word nie."
- Die gehoor word gekonfronteer met 'n keuse om hulle eie gevolgtrekkings rakende produksies te maak
- Die gebruik van media vorme
- Eksperimentering met taal en denke
- 'n pastiche van verskillende tekstuele en geskiedkundige bronne.
- Die insluiting van bronne geneem uit populêre kultuur.
- Nie-liniêre konvensies van storievertelling.
- Geen poging om realiteit te dupliseer nie.
- 'n Samestelling van ekstreme humor en ongelooflike tragedie.

Karakters in Postmoderne Teater

Karakters in *Buried Child*:

- Karakters vertel ons van hulself eerder as wat ander karakters dit doen. Ons sien dit raak in die baie onsekerhede in die karakterverhoudinge in *Buried Child*. Dit lyk asof niemand enigiets weet van enige ander karakter in die toneelstuk nie. Ons kan dus aflei dat wat die karakters oor hulself sê belangrik is, 'n voorbeeld hiervan is wanneer Vince met Shelly opdaag en dit tot 'n reeks misverstande lei. Indien Shelly geweet het van Vince en dit in haar dialoog bevestig het, sou die waarheid meer geloofwaardig wees aangesien die menings uit twee bronne sou wees
- Karakters is metafore en argetipes.
- Dodge is ontwykend, distansieer homself van sy familie en van alle toenadering.
- Neem kennis daarvan hoe elke lid van die familie hulself van mekaar gedurende die hele toneelstuk distansieer.
- Halie is skynheilig en kruip agter godsdienstige weg. Sy het 'n buite-egtelike verhouding met die predikant en ten minste een ander man. Sy lewe saam met 'n donker geheim wat haar beperk en haar aggressief maak.
- Karakters is donker, ongelukkig, bot, vervreemd, geheimsinnig, gewelddadig en dikwels een-dimensioneel.
- Karakterisering sluit rolspel en skielike transformasie in – wie glo ons en wanneer?
- Ons weet nie of Halie die waarheid praat wanneer sy haar gelukkige verlede en haar uitstappies na die renbaan onthou nie.
- Is Ansel werklik 'n heldin?
- Onthou Dodge vir Vince of nie?

Dialoog en taalgebruik in *Buried Child*:

- Taalgebruik is natuurlik, gevul met herhaling, fragmente en emosies.
- Taalgebruik pas by die karakters – daar is bewyse van minder gapings tussen die karakters en wat hulle sê.

Temas in *Buried Child*:

- **Familie disintegrasie**

Vervreemding en disassosiasie word deur familieledede ervaar omdat hulle ly a.g.v. die sondes van hul vader, Dodge. Hulle ontwyk realiteit en daarom ook hulle ware identiteit. Karakters word figuurlik op een of ander wyse beperk. Hulle kan vir Vince, wat een van hulle eie mense is en wat gekom het om sy eie identiteit te soek, nie herken nie. Alle karakters het die suiwerende reën en gebeure wat plaasvind, nodig. Dodge (wat die waarheid ontduik) sterf as Tilden, wat die waarheid oor die verlede vertel en die aarde vergeet van die dooies.

- **Amerikaanse Droom**

Die waardes van die droom wat onafhanklikheid en magspel insluit, het sy familie geruïneer. Dit is die storie van Amerika en sy misbruik van land en mag.

- **Georganiseerde Godsdienste bied geen antwoorde**

Georganiseerde godsdienste bied geen oplossing vir enige mens se probleme nie. Vader Dewis word uitgebeeld as swak en lafhartig, immoreel, heeltemal onbevoeg om te help met die familie se behoeftes.

- **Verlede en hede**

Die probleme van die verlede haal ons altyd in die hede in en ons betaal 'n prys vir die sondes van ons vaders. Die verlede bepaal 'n mate die hede. Vince lê, net soos Dodge, aan die einde van die toneelstuk op die rusbank. Die toneelstuk eindig met 'n terugkeer na die begin wat suggereer dat die verlede altyd met hierdie familie sal wees.

Karakters in *Top Girls*

- **Marlene:** Sy is gelukkig met haar prestasies en sy weet wat sy wil hê. Sy het geveg vir vroueregte in die werkplek, wy haar lewe daaraan om te ontsnap van die standaard wat sy as kind verag het. Haar lewe word bepaal deur haar eie ambisies. Sy neem aan dat ander mense haar sieninge moet beaam.
- **Joyce:** is gemaak lojaal, onafhanklik baie bitter en dra haar negatiewe houding aan ander oor. Sy besef nie hoe sy ander mense beïnvloed nie.
- **Angie:** is 'n onafhanklike denker, intelligent, pessimisties en sy is 'n pessimis.

Taal in *Top Girls*

- karakters word aan hulle taalgebruik geken.
- Kort sinne is gelaai met baie betekenis. Die deursigtigheid daarvan beteken nie dit minder vraagstukke impliseer nie.
- Die gebruik van gekruide taal om te skok.
- Sommige karakters gebruik Latyns om geleerd voor te kom.
- Joan gebruik Latyns in die teenwoordigheid van ander karakters as 'n middel van vervreemding.
- Die miskennis van vroueregte deur vroue.
- Daar is voortdurende feministiese kommentaar in die toneelstuk
- As een karakter begin praat voordat 'n ander karakter klaargemaak het, word die onderbrekingspunt aangedui.
- 'n Karakter hou soms aan praat terwyl 'n ander karakter reeds aan die woord is.
- Die karakters se dialoog dui op die postmodernistiese verplasing van tyd.
- Dialoog oorvleuel.
- Taalgebruik in *Top Girls* is idiomaties van menslikheid.

Temas in *Top Girls*

- **Keuses en Gevolge**

-

Toneel 1: alle karakters teenwoordig by die dinee moes 'n moeilike besluit maak om dit by te woon. Pope Joan besluit om soos 'n seun en daarna soos 'n man in die openbaar te leef. Sy raak swanger van haar geheime geliefde en moes na regte gestenig word. Joyce besluit om Angie aan te neem en dit bepaal 'n sekere lewensreis wat sy moes volg. Marlene moes ook verskeie keuses maak. Sy het 'n beroepsvrou geword en het haarself van haar familie vervreem.

Marlene is alleen a.g.v. die keuses wat sy gemaak het. Angie besluit om die skool te verlaat en in Londen te gaan bly (saam met haar tante). Ons is nie seker wat die gevolge hiervan gaan wees.

- **Sukses en mislukking**

Sukses is 'n belangrike aspek van Marlene se lewe in *Top Girls*. Sukses bepaal haar identiteit en met wie sy assosieer. Die dinee word gehou om Marlene se bevordering as besturende direkteur sowel as die sukses van haar gaste, te vier. Joan word pous, Isabella reis die wêreld vol, Gret veg met die duiwels in die hel en Griselda het haar man se buitengewone toets van lojaliteit oorleef. Neem kennis daarvan dat Marlene hierdie vrouens as suksesvol beskou alhoewel hulle nie 'n rol in haar lewe speel nie. Marlene se persoonlike lewe is weereens 'n mislukking a.g.v. haar besigheidssukses. Sy het geen ware vriende nie en sy het haar biologiese dogter sewe jaar laas gesien.

Marlene glo dat Joyce 'n mislukking is omdat sy nie bokant haar omgewing uitgestyg het nie. Joyce maak huise skoon om aan die lewe te bly. Sy is nie beïndruk met Marlene se lewe nie. Marlene en Joyce glo dat Angie geen kans op sukses het a.g.v. haar gebrek aan opvoeding, ambisie en intelligensie en haar domastrante houding. Hulle glo dat 'n persoon selfonderhoudend moet wees om sukses te behaal.

- **Klassekonflik**

Ons sien klassekonflik in Marlene en Joyce se verskillende sienings van sukses. Marlene het opvoeding en deursettingsvermoë en daarom styg sy uit vanaf die werkersklas na die middelklas. Sy beklee 'n bestuurspos in 'n kompeterende veld. Marlene ondersteun die filosofieë van die vroulike Eerste Minister van Brittanje, Margaret Thatcher alhoewel sy beskou word as anti-werkersklas.

Joyce werk as 'n skoonmaker om Angie te onderhou. Joyce dink dat Margaret Thatcher onderduims is en vergelyk haar met Adolf Hitler a.g.v. haar houding teenoor die werkersklas. Joyce dink dat Marlene verhewe bo haar is. Marlene hou nie van mense in die werkersklas nie, maar beskou nie haar suster as een van hulle nie. Hulle stem nie saam oor klasverskille nie.

- **Seksrolle en Seksisme**

-

Top Girls spreek die samelewing se verwagtinge aan oor wat vroue moet wees en doen. Die gaste by die dinee definieer vrouwees in 'n spesifieke era in terme van wat hulle reeds is en wat hulle nie is nie. Isabella kon nie aan die standaard van vroulikheid voldoen soos deur haar suster, Hennie vasgestel is nie. Tog is Isabella 'n berese vrou wat meer van die wêreld gesien het as die meeste mans. Marlene se beroep en rolle wat sy moet uitleef, onderskei haar as 'n vrou.

Alhoewel Marlene ekonomies bevoordeel is deur haar beroep word haar ontkenning van seksrolle 'n probleem. Sy is ongetroud en dit lyk nie of sy in enige langtermynverhouding met iemand is nie. Joyce hou nie van haar nie. Mevrouw Kidd, die vrou van die man oor wie Marlene aangestel is, smee Marlene om dit nie te aanvaar nie. Mevrouw Kidd glo dat Howard nie ondergeskik aan 'n vrou by die werk moet wees nie.

Mevrouw Kidd glo dat Marlene haar bevordering moet prysgee sodat Howard dit kan kry en sy familie kan ondersteun soos wat dit stereotipies gedoen word. Sy beskou Marlene as onnatuurlik a.g.v. die bevordering en haar toewyding tot haar werk. Seksisme maak nie Marlene se lewe en keuses enigsins makliker nie.

Kandidate kan enige van die bogenoemde in verband bring met die drama wat hulle bestudeer het. Nasieners word aangeraai om te kyk na reaksie van die kandidaat in verhouding tot die vraag of hulle die kennis van Postmoderne Teater, sy plot, taal, struktuur, karakters en tema; sy strukturele doel, die verhouding tussen teks, prestasie en gehoor as 'n didaktiese platform waar die gehoor die geleentheid kry om te kritiek te lewer op beide politieke en sosiale kwessies ter wille van die optrede en maatskaplike hervorming gegee word; vanuit hierdie kennis, word nasieners ook aangeraai om te bepaal op watter vlak die kandidaat in staat was om hierdie kennis in verband te bring en toe te pas op die toneeltekste wat hulle bestudeer het. Daar moet ook opgelet word dat die kandidaat moet reageer op die uittreksel en die geldigheid daarvan en bewys lewer van insig daarin. Let daarop dat sekere kandidate uitgebreide kennis sal toon in hulle toepassing en die oor die vermoë beskik om 'n goed gestruktureerde antwoord te gee wat verteenwoordigend is van die totale uitkomst van die Postmoderne teater.

[30]**TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960–1994)

Beantwoord SLEGS EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 2: WOZA ALBERT! DEUR PRECY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

2.1 2.1.1 Die Paswet. Kandidaat mag op die volgende wyse reageer.

Daar was bepaalde groepe mense wat nie deur die vorige regering in sekere gebiede toegelaat is indien hulle nie 'n geldige pasboek gehad het nie. Die akteurs in die toneel beeld daardie wet uit deur middel van dramatiese handeling en die gebruik van die pasboek as 'n rekwisiet soos wat ons in die prent kan sien. Ken 1 punt toe vir die noem van die gepaste wet en 2 punte vir die verduideliking daarvan.

Ken 1 punt toe vir die noem van die gepaste wet en 2 punte vir die verduideliking daarvan. (3)

2.1.2 Kandidate sou die volgende weergawe rondom die onderwerp van satire kon hê:

In elke geval waar 'n kandidaat saamstem of nie saamstem met die onderwerp nie, moet die volgende riglyne deur die nasiener oorweeg word om die kandidaat se begrip van satire en die identifisering van die elemente in die studieteks daarvan te assesseer.

Satire is tradisioneel 'n vorm van komedie, maar kan soms in die hart van meer ernstige drama aangetref word. Satire spot dikwels met 'n individu, maar die teiken kan ook op 'n groep van mense of 'n instansie gemik wees. Die doel van satire is om die swakhede of soortgelyke karaktereienskappe te bespot.

In die geval van *Woza Albert!* word satire toegedien deur die gebruik van Morena as 'n metafoor vir die apartheidsregering. Die gebruik van Morena as die verlosser en die onsekerheid daarvan speel 'n groot rol in die tema van die drama veral gesien in die lig van oortuigings wat in so 'n god gevestig is. Calvinisme word ook gekritiseer vir die huldiging van dieselfde standarde soos skynheiligheid en versuim om beloftes na te kom. Die spot met hierdie oortuigings, word ontbloot deur die gebrek om aan die behoeftes van die mense te voorsien. So *Woza Albert!* is 'n satiriese uitbeelding van Suid-Afrikaners veral ten opsigte van die dwaasheid van die regering.

Oorweeg kandidate se antwoord met omsigtigheid. (5)

2.1.3 Jerzy Grotowski en sy Armteater akteursopleidingstegnieke. (1)

2.1.4 Oorweeg die volgende in kandidaat se antwoord:

- Die akteur en sy/haar vaardighede is in die kern van alle Armteater aanbiedings
- By geleentheid het optredes nie gebruik gemaak van 'regte' rekwisiete nie, maar akteurs as rekwisiete gebruik
- Akteursopleiding was intensief oor lang periodes van tyd
- Akteurs met ego het geen plek in Grotowski se teater nie
- Die doel was outentieke (egte/ware/geloofwaardige) toneelspel, soortgelyk aan Stanislavski se sisteem (maar meer fisiek)
- Grotowski gebruik 'n variasie van Stanislavski se emosie geheue tegniek met sy eie akteurs
- Hierdie handeling kan nie bestaan as die akteur meer gemoeid is met sjarme, persoonlike sukses, applous en salaris, as met skepping (maakproses) nie, skeep - soos dit in sy hoogste vorm verstaan word. Dit kan nie bestaan as die akteur op die grootte van sy rol, sy plek in die aanbieding, die dag of soort gehoor ingestel is nie. (Jerzy Grotowski)

(6)

2.1.5 Dit word van die kandidaat verwag om geleenthede in die teks waar fisiese teater gebruik word om kwessies aan te spreek te noem.

Byvoorbeeld, die drama begin waar die akteurs sing en beweeg en deur die gebruik van hul liggame as instrument om musikale klanke te komponeer. Die element van die totale *handeling* deur Jerzy Grotowski dring daarop aan dat die akteurs ten volle betrokke moet wees in die optrede, met behulp van al hul innerlike waarhede om 'n tema te kommunikeer.

(5)

2.2 2.2.1 Die Teater van Weerstand spreek tot die onderdrukte met die openlike doel van mobilisering om hulle te noep om maniere te soek om teen die onderdrukking van apartheid te veg.

Die kandidaat se antwoord moet iets aandui van die kennis uit die boonste riglyn. Byvoorbeeld, die oproep van Morena kan as 'n metafoer dien om die mense na vore te roep om te veg teen die apartheidsbestel.

(6)

2.2.2 Kandidate kan die gebeure van die drama gebruik as verwysing in hul antwoord. Dit is 'n uitbeelding van die geskiedenis en toestande onder die vorige Suid-Afrikaanse regering. Dit bespreek die euwels van die verlede in beide die benaming en verduidelikings. *Woza Albert!* vertel die verhaal van die toestande waarin Suid-Afrika en sy burgers in die verlede geleef het.

(6)

2.2.3 Gebruik die volgende rubriek om kandidaat te evalueer.

PUNTE		BESKRYWER
Bate goed	6-8	Die kandidaat het 'n uitstekende begrip van toneelteks en die resensie. Hy/Sy is in staat om die sosio-politieke omgewing van die toneelteks en die karakters se motiverings en die gebruik van gepaste voorbeelde uit die toneelteks in verband met die huidige gemeenskap te bring. Hierdie kandidaat sou meer geneig wees om saam te stem dat die resensie geldig is.
Goed	5-6	Die kandidaat het 'n gegronde begrip van die toneelteks en die resensie. Hy/Sy is 'n staat om ondersteuning vir sy antwoord te verskaf deur gepaste voorbeelde uit die toneelteks en die karakters se motiverings en dit met die huidige gemeenskap in verband te bring.
Gemiddeld	3-4	Die kandidaat het 'n begrip van die teks. Geneig om geldige argumente te verskaf, maar is nie ondersteun deur geldige verwysings na die toneelteks nie.
Swak	0-2	Die kandidaat het nie 'n goeie begrip van die toneelteks nie. Maak breë stellings, baie daarvan maak geen aansluiting by die resensie nie.

Woza Albert! is 'n ware weerspieëling van dit wat Suid-Afrika in die verlede was; die onregverdige wette van apartheid en die karakters wat staan as die slagoffers van 'n hoër mag en wie hulp kan ontvang. Die temas in *Woza Albert!* weerspieël dieselfde dade wat deur die Suid-Afrikaanse regering in die verlede uitgevoer is. Dit gee die lesers/gehore die geleentheid om te leer oor die geskiedenis van Suid-Afrika tydens die Apartheidsbestel.

Nasieners moet oorweging skenk aan kandidate se mening oor die onderwerp soos dit in die antwoord aangespreek is. Nasieners moet ook kandidaat se siening oor teater, die rol daarvan in die samelewing, teater as 'n middel van kommunikasie en inligtingsinstrument, oorweeg.

(8)
[20]

OF

VRAAG 3: SOPHIATOWN DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

3.1 Die kandidaat kan enige TWEE van die volgende bespreek:

- Musiekteater: *King Kong*
- Jazz-musiek: Dolly Rathebe, Miriam Makeba, Hugh Masekela, Abdullah Ibrahim en nog vele meer.
- Skrywers: Kan Themba, Bloke Modisane, Es'kia Mphahlele, Nat Nakasa, Arthur Maimane, Todd Matshikiza Lewis Nkosi, die meeste het as skrywers vir die tydskrif *Drum* gewerk.

(4)

3.2 Die kandidaat mag reageer met enige twee van die volgende:

- Triomf is gebou in die plek van Sophiatown.
- Instromingsbeheer
- Swartvlekke (Blackspots): 'n 'Swartvlek' was 'n gebied van die land waarin swartmense eiendomsreg gehad het, in wat die Nasionale Regering beskou het as wit Suid-Afrika. Die 'Swartvlekke' ('blackspots') is wettiglik gekoop deur swartmense, hetsy as individue of as groepe, voor die apartheidswetgewing dit onwettig gemaak het, en baie het so ver terug as voor die Unie-regering van Suid-Afrika in 1910 grond gekoop.
- Bantustan (of tuisland) wat daarop gemik is om alle Afrikane te stroop van enige politieke regte, asook hul burgerskap in Suid-Afrika.
- Enige TWEE duidelik bespreekte redes.

(4)

3.3 Die kandidaat mag EEN van die volgende noem:

- Die departement van Bantoe Administrasie het in 1966 in die Pietersburg area begin om swartes na 'n nuwe woonbuurt, Moletsi, te verskuif. Party is na Seshego verskuif.
- Die Kleurlinge is in 1965 na Westernburg, wes van Sterkloop, verskuif.
- Indiërs is (na Nirvana) en Kleurlinge (na Westernburg) is uit die stadsentrum na die Groepsgebiede verskuif.
- In 1953 is die swartmense van Charlestown ingelig dat hulle na Buffalo Flats, 40 myl verder, en 18 myl van Newcastle (die naaste dorp) moes skuif. 1963 word mense gedwonge verskuif van Charlestown na 'n area 6 myl van Newcastle af, naamlik Duck Ponds. Hulle Charlestown huise is gesloop en hulle besittings is op vragmotors na voorafvervaardigde huise verskuif. Hulle is nie toegelaat om lewendehawe of vee saam te neem nie.
- Op 11 Februarie 1966, verklaar die apartheidsregering die Kaapse Distrik Ses as 'n Blanke area onder die Groepsgebiedewet van 1950. Vanaf 1968 is meer as 60 000 van hierdie inwoners gedwonge verskuif na die Kaapse Vlakte, meer as 5 kilometers verder. Behalwe die plaaslike plekke van aanbidding, is die geboue sistematiese platgevee gedurende die 1970's en teen 1982 was bykans alle bewyse van Distrik Ses vernietig.

Kandidaat mag SLEGS EEN van die bogenoemde riglyne noem. (2)

3.4 Lokasie musiekblyspel: 'n Musiekblyspel soort van teater wat Afrika en ander style vermeng en reflekteer op die lokasie-lewe. Gewoonlik 'n lokasie gehoor bv. Sophiatown, Mbongeni Ngema en Gibson Kente se produksies. (2)

3.5 Die kandidaat moet begrip toon vir die term *Township Musical/Lokasie-musiekblyspel* en moet die elemente kan identifiseer in die teks. Die volgende voorbeeld is gebaseer op die elemente van 'n lokasie musiekblyspel met Sophiatown as 'n voorbeeld daarvan:

Sophiatown is 'n voorbeeld van Township Musical/lokasie musiekblyspel

Elemente van 'n lokasie musiekblyspel – stedelike lokasie lewenstyl wat lewendige straattonele en drinkplekke, naamlik sjebeens soos Mamariti-se-huis, insluit. Daar is gewoonlik penniefluitjie spelers, *a capella* sang en tradisionele mbaqanga musiek, asook 'n vermenging van swart Amerikaanse jazz eb blues style (die sang in Sophiatown en die verspreiding van musiek, sang en danse in die blyspel self). Die temas en stories hou verband met die historiese, sosiale, politieke en kulturele aspekte van die lokasie lewe (met die gedwonge verskuiwings as die belangrikste tema in Sophiatown).

Daar is ander elemente van die musiekblyspel wat nie noodwendig van toepassing is op die vraag nie as gevolg van hulle uitvoerende aard. Daarom sou dit nie tersake wees dat die kandidaat waarskynlik nooit Sophiatown se lewendige vertoning beleef het nie. (8)

3.6 3.6.1 **Wet op Groepsgebiede:**

Gedurende die 1950's en 1960's, het die grootskaalse verskuiwings van Swartmense, Indiërs en Kleurlinge plaasgevind om die Groepsbiedewet, wat aparte woongebiede regdeur die land afgedwing het, uit te voer. Meer as 860 000 mense is onder dwang verskuif om sodoende die verskillende rassegroepe te verdeel en te beheer gedurende 'n tyd waartydens georganiseerde weerstand teen apartheid in stedelike gebiede toegeneem het. Hierdie verskuiwings het beteken dat kulturele, familie en gemeenskapbande wat reeds gevorm was, verskeur is. Charlie moet sonder Mingus wees en hierdie skeiding lei tot sy tragiese dood.

Oorweeg die kandidaat se kennis van die gevolge van die gedwonge verskuiwings wat spesifiek van toepassing op die omgewing van die studieteks en sy mense is. (5)

3.6.2 Oorweeg die volgende feite in die kandidaat se antwoord:

Die volgende mag ingesluit word by die kleredrag van Mingus en Charlie:

- Bendeledede is hoofsaaklik beïnvloed deur die Italiaanse en Amerikaanse bende lewensstyl.
- Dit het duur klere tot gevolg, gewoonlik gebruik op spoggerige of **swanky** wyses.
- Dit het deftige (Simpson) pakke, deftige (Stetson en Bozalino) hoede en swierige formele (Crockett en Jones) skoene ingesluit.

Bepaal of die kandidaat weet hoe die bendeledede aangetrek het in Sophiatown deur te kyk na die twee karakters as voorbeelde in die toneelstuk. (6)

3.7 3.7.1 Monotoon – verwys na 'n gebrek aan tonale variasie in toon van die spraak deur die akteur gelewer. Daar is geen verandering in die klanke nie, dis totaal sonder harmonie, en verander nooit van toonhoogte nie. (2)

3.7.2 Die kandidaat het die keuse om met enige iets van Stanislavski, Grotowski of Gibson Kente te antwoord. 'n Bespreking van laasgenoemde; 'n styl wat as 'n karikatuur beskou word. Gibson Kente het sy akteurs fisies en vokaal afgerig omdat musiek die middelpunt van teater gevorm het. Akteurs moes in staccato praat, 'n tegniek wat gebruik is om die reverberasie wat kon ontstaan as gevolg van die gebrek aan akoestiese kwaliteit in lokasie-sale, te vermy. Akteurs is ook fisies afgerig om danse te kon uitvoer wat meestal in lokasie musiekblyspele (Township musical theatre) ingesluit is. Akteurs is ook afgerig in die uitdrukkingstyl wat deel is van lokasie teater. Stemafrigting is ook belangrik om die sang vereistes in lokasie blyspel te bereik (7)

[40]

VRAAG 4: SIENER IN DIE SUBURB DEUR PG DU PLESSIS

4.1 Probleem drama: die soort teaterstuk waarin 'n probleem/dilemma uitgespeel word voor die gehoor, om die gehoor aan te moedig om oor hulle eie sienings in verband met die ontwerp te reflekteer en oorweeg. (2)

4.2 Toneelstukke is om die volgende redes verban:

- Omdat dit die hoofstroom Afrikaanse kultuur aanvat/bevraagteken
- Omdat dit Calvinisme aanvat/bevraagteken
- Omdat dit verbode onderwerpe soos homoseksualiteit aanspreek
- Toneelstukke wat die gehoor dwing om hulle eie vooroordele en gebrek aan kennis in verband met hul medemens te konfronteer.
- Die uitdaag van die patriarg of vaderfiguur (wat 'n belangrike deel van Afrikaanse identiteit gevorm het) in die Afrikaner kultuur
- Die uitdaag van stereotipes op humoristiese en kontroversiële wyses.

Die kandidaat mag enige twee van bogenoemde riglyne in 'n goed geformuleerde weergawe bespreek om sodoende volpunte te behaal. (4)

4.3 4.3.1 Die karakters in die prent is van links na regs:

Jakes, Tjokkie en Giel (3)

4.3.2 Oorweeg die kandidaat se akkuraatheid in reaksie tot die vraag soos deur die instruksies bepaal.

Hierdie is 'n fase in die toneelstuk waar Giel en Jakes, Tjokkie dwing om te 'sien'. Dit is een van die temas wat deur die toneelstuk aangespreek word. Giel en Jakes probeer om Tokkie te forseer om te sien, maar dit is nie tot sy voordeel nie. Hulle benut 'n aantal negatiewe tegnieke. Hulle dreig hom met neerhalende spraak en dreigemente van fisiese leed wat hulle hom sal aandoen. Die probleem wat deur beide Giel en Jakes ervaar word sal moontlik opgelos wees indien Tjokkie die toekoms/verlede kan 'sien' om oplossings te vind. Tjokkie maak sy kar reg, wat gesien kan word is 'n voorbereiding om die woonbuurt te kan verlaat en hierdie droom altyd deur die pessimistiese en vasbeslote mense om hom, in die wiele gery. Jakes en Giel is bykans besope in hierdie toneel. Die foto beeld hierdie oomblik in die toneelstuk uit.

Nasieners word aangeraai om diskresie te gebruik wanneer die vraag nagesien word; kandidaat kan dalk nie reageer soos in die riglyn nie, maar op sy eie manier. Oorweeg bogenoemde as aspekte wat in die kandidaat se antwoord teenwoordig mag wees. (4)

- 4.3.3 Kandidaat mag saamstem of verskil van die vraag en redes verskaf. Die volgende is die riglyne vir die beantwoording van die vraag.

Protesteater is die styl wat sterk politieke en tematiese kwessies as elemente bevat. Die doel daarvan is om 'n bewussyn kweek om ongeregtheid bloot te stele 'n om te suggereer hoe die huidige situasie verander kan word. Die gehoor se simpatie word gewek vir die slagoffer of die vraagstuk en word gedwing om hulle opinies en gedrag te heroorweeg. Die doel is om 'n emosionele reaksie uit te lok en die gehoor tot aksie te laat oorgaan. Die boodskap is sentraal. Alle eienskappe soos plot en karakters is onderliggend tot hooftema.

Kandidaat mag die bogenoemde inligting gebruik in verhouding tot die teks, saamstem met of verskil van die vraag.

'Die arme blanke vraagstuk' en die staat van armoede in die toneelstuk *Siener in die Suburb* is moontlik die kwessies waarteen die toneelstuk protes aanteken. Die wyse waarop armoede in die woonbuurt veranderinge teweegbring in die gemeenskap en families of toneelstuk; protes word aangeteken teen sekere ekonomiese toestande van ander mense in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die situasie van karakters in die toneelstuk dien as voorbeeld van wat armoede aan mens kan doen en hoe die omgewing ook druk uitoefen op die mens; en 'n eweredige verspreiding van rykdom kan as die onderliggende versoek gesien word. (5)

- 4.3.4 Soos die ander karakters in die toneelstuk; het Tjokkie sy eie griewe, drome, wense en doelwitte. Ten spyte daarvan bly Tjokkie steeds in die voorstad en slag nie daarin om 'n uitweg vir homself te vind nie. Sy vermoë om te kan sien is nie tot sy voordeel nie en hy ontwikkel nie as persoon nie, maar ander karakters maak op hom staat tot op die punt hy self mishandeling ervaar. Sy vermoë om te kan 'sien' is vir hom 'n probleem; dit is tot sy nadeel in plaas daarvan dat dit tot sy voordeel is. Dit is ironies dat Tjokkie niks beter is as die ander karakters in die toneelstuk nie. Hy slag nie daarin om sy gawe te gebruik om homself te bevoordeel en sodoende suksesvol te word en die voorstad te verlaat nie.

Sien na met oorweging van die bogenoemde idees. (6)

